



Maart 2026

BL UDRUK

www.oraniacvo.co.za

**NUWE SPORT-
TERREIN WORD
WERKLIKHEID**

**WINTERSPELE
EERSTE KEER
OOIT IN ORANIA**

Bladsy geborg deur: **Prima Batebestuur**



SKOOLHOOF SKRYWE

Ons skep 'n stewige fondament vir volgende generasies!

Orania CVO-skool is 'n Christelike opvoedingsinstelling wat hom daartoe verbind om leerlinge binne 'n veilige, waardegedrewe en gemeenskapsgerigte omgewing toe te rus vir die toekoms.



Juffrou Susan
Nieuwoudt

Die skool se fokus is daarop gerig om akademiese uitnemendheid, karaktervorming en kultuurbehoud hand aan hand te laat ontwikkel.

Akademiese prestasie bly 'n kernprioriteit. Deur hoë standaarde te handhaaf, toegewyde personeel te ondersteun en leerlinge aan te moedig om na hul beste te streef, poog die skool om jaarliks die vlak van prestasie te verbeter. Die betrokkenheid van ouers speel hierin 'n deurslaggewende rol, aangesien die vennootskap tussen huis, kerk en skool 'n direkte invloed het op die sukses en welstand van leerlinge.

Infrastruktuurontwikkeling is 'n belangrike fokusgebied vir die skool se groei. Die vestiging van die nuwe Willie en Cobus Nel Rugbyvelde en die aanplanting van uitgebreide grasvelde, het reeds nuwe moontlikhede ontsluit. Hierdie ontwikkelinge skep nie net ruimte vir sport en ontspanning nie, maar stel die skool ook in staat om groter geleenthede soos die Bokkieweek en BCVO Winterspele-byeenkomste aan te bied, wat die gemeenskap betrek en versterk.

Gemeenskapsbetrokkenheid vorm die ruggraat van Orania

CVO-skool. Die bereidwilligheid van ouers, vrywilligers en Opvoedingsraadslede om tyd, kundigheid en arbeid by te dra, maak dit moontlik om doelwitte te bereik wat andersins nie haalbaar sou wees nie. Elke bydrae, hoe klein ook al, dra betekenisvol by tot die groter geheel.

Die skool streef daarna om leerlinge holisties te ontwikkel. Benewens akademie, word daar ook aandag gegee aan sport, kultuur en geestelike vorming, sodat leerlinge kan ontwikkel tot verantwoordelike, selfstandige en diensbare jongmense.

Met die leiding van ons Hemelse Vader sien Orania CVO-skool met hoop en verwagting uit na die toekoms. Deur samewerking, toewyding en volgehoue inspanning bly die skool daarop ingestel om 'n stewige fondament vir huidige en toekomstige geslagte te lê.

Welkom aan Juf. Susan Nieuwoudt wat in die vierde kwartaal van verlede jaar as nuwe skoolhoof by ons span aangesluit het!

KONTAK

Tel: 053 207 0177 | Posbus 136, Orania, 8752
skoolhoof@oraniacvo.co.za | www.oraniacvo.co.za

Bladsy geborg deur: **Tiaan Theron**

2026 is 'n GROOT JAAR

by Orania CVO-skool

Deur Jaco Kleynhans

'n Rugby- en netbalbyeenkoms in Junie met 1000 kinders en nog 2000 ouers en ander besoekers. Drie nuwe rugbyvelde. Nuwe netbalbane. Die inwyding van ons nuwe sportterrein. Groot nuwe bouprojekte. 'n Nuwe skoolhoof en voorsitter. Vordering met planne vir 'n nuwe koshuis. By Orania CVO-skool hou ons GROOT planne nooit op nie.

Die nuwe jaar het op 'n hoë noot afgeskop met die aanplant van drie nuwe rugbyvelde en die vergroting van die enigste bestaande veld sodat die skool nou twee volgrootte rugbyvelde, een laerskoolveld en een bulletjieveld het. Die skool se netbalbane is volledig oorgedoen en ons sal binnekort die Bokkieweek se 0/23-toernooi op ons sportterrein verwelkom. Aan die einde van Junie sal die BCVO se Winterspele vir die eerste keer ooit by ons skool plaasvind met sowat 3000 gaste wat verwag word.

In September vind Orania Gaan Groot ook vir die eerste keer ooit op die skool se nuwe sportterrein plaas. Vanjaar se fees, die vyfde, sal ook die grootste nog ooit wees met sangers soos Steve Hofmeyr, Bok van Blerk, Demi-Lee Moore, Chris Steyn en ONS.

Ons het aan die einde van 2025 ons nuwe skoolhoof, Mev. Susan Nieuwoudt by die skool verwelkom. Ons hoof van die afgelope 14 jaar, Mnr. Johan de Klerk skuif na 'n nuwe spesialispos as Hoof: Akademie om die skool se akademie nog verder uit te bou en te ontwikkel. Saam met die fasehoofde werk die bestuurspan reeds aan talle programme om die skool se akademiese prestasie vol te hou en die leerlinge van die nodige leiding te verseker.

Nog 'n nuwe bestuurspos by ons skool is die nuwe korporatiewe hoof wat aangestel is. Me. Madeleine Swanepoel, tot verlede jaar werksaam by die Skoleondersteuningsentrum (SOS) in Pretoria is in hierdie pos aangestel. Sy gaan die skool se groot projekte bestuur en uitbou en 'n sakebeen by die skool vestig.

Na meer as 'n dekade as voorsitter van ons skool het Mnr. Willie Nel ook aan die einde van 2025 uitgetree omdat sy kinders reeds almal die skool verlaat het. Hy en sy vrou, Yolanda sal egter nog by die skool betrokke bly. Mnr. Loutjie Steyn is verkies as die nuwe voorsitter van die skool.

Daar is die afgelope tyd toenemend vraag vir kinders van regoor die land wat veral op hoërskool by ons in 'n koshuis wil tuisgaan. Die skool se huidige koshuis is klein en kan net meer as 20 kinders akkomodeer. Daarom is daar reeds begin met die ontwikkeling van 'n projek om 'n nuwe koshuis vir meer as 100 leerlinge te bou. Verskeie beleggers sal by dié kommersiële projek betrokke raak en ons hoop om in 2027 met die bouwerk te begin.

Orania CVO-skool het in 2025 'n baie suksesvolle jaar gehad met goeie akademiese-, sport- en kultuurprestasies. Ons plan is om in 2026 verder uit te brei en te verdiep met opwindende vennootskappe en na die uitbreiding van ons bestuurspan het ons ook meer diepte in elkeen van die bene van ons skool.

Orania CVO-skool bly 'n skool wat in diens staan van ons Hemelse Vader en wat groot drome het om 'n ware streekskool te word en om deur Kuberskool en 'n groter koshuis ook 'n aanbod aan Afrikanerkinders regoor die wêreld te verseker. Ons spreek graag ons dank uit aan almal wat by ons skool betrokke is! Ter wille van ons kinders, tot eer van God!





WELKOM NUWE PERSONEEL

ORANIA
WELKOM!

LIZE SCHLEBUSCH

"Ek is 'n wêreldreisiger as my begroting dit toelaat (tans beperk tot die staat van Orania). Ek kan met koekies omgekoop word. Vrou van Adi en mamma van Hanna, Jadrian, Ameri en Lieke."

GRAAD 10-12: ENGELS

ORANIA
WELKOM!

MADELEINE SWANEPOEL

"My roeping is my passie en ek hoop om 'n positiewe bydrae te lewer tot Orania CVO-skool asook die Orania-gemeenskap!"

BEDRYFSHOOF: KORPORATIEWE DIENSTE

ORANIA
WELKOM!

CHRISTELLE SUTHERLAND

"Ek het 'n diep liefde vir Afrikaans en my hoogste doelwit is om dieselfde liefde daarvoor onder die kinders te kweek."

**GRAAD 6-9: AFRIKAANS
GRAAD 4: GESKIEDENIS**

ORANIA
WELKOM!

TIAAN OLIVIER

"Ek is passievol oor my sport en musiek en my eerste album is in Desember 2025 vrygestel. My grootste bederf is biltong."

**GRAAD 7-9: TEGNOLOGIE
GRAAD 7-8: KODERING
GRAAD 10-11: RTT**

ORANIA
WELKOM!

SAREL DE VILLIERS

"Ek geniet dit om in die kinders se psige te delf en met hulle as mense te werk. 'n Lekker koppie koffie is 'n groot bederf!"

**GRAAD 5-8: GESKIEDENIS
GRAAD 5-6: GEOGRAFIE
GRAAD 10-12: LANDBOUBESTUURSPRAKTYK**

Matrieks skitter weer met pragtige uitslae

Orania CVO-skool het 'n ononderbroke rekord van 'n 100% Graad 12-slaagsyfer sedert ons skool se ontstaan. Ons het verlede jaar 24 matrikulante gehad en ons is baie trots op die pragtige resultate wat hierdie groep behaal het.

Orania CVO-skool is 'n privaatskool wat nie die staat se eksamen skryf nie maar wel die hoogsaangeskrewe IEB (Independent Examination Board) se matrikeksamen. Al die top privaatskole in Suid-Afrika skryf die IEB se matrikeksamen en 'n IEB-matrieksertifikaat het baie

waarde wanneer jy na skool gaan werk of verder wil studeer.

Die matriekklas van 2025 het saam 24 vakonderskeidings behaal. Dit was ook ons skool se grootste Graad 12-klas nog ooit. Hulle klasgemiddeld vergelyk met van die beste uitslae wat die skool nog gehad het. Hier is enkele hoogtepunte:

- Jacobus Venter is ons toppresterder en behaal onderskeidings in drie vakke en slaag met 'n A-gemiddeld.
- Die klas behaal 'n gemiddeld van een onderskeiding per kandidaat.

- 96% van die klas kry toelating tot graadstudie.
- 'n Klasgemiddeld van 65.9% word behaal.

Op 16 Januarie by die BCVO Glansgeleentheid in Pretoria is Zincke Straszacker een van ons 2026-matrikulante, as die BCVO se beste sportdogter van 2025 aangewys. Juffrou Joan Swanepoel is aangewys as die BCVO se onderwyser van die jaar vir 2025. Ook 'n topprestasie! Baie geluk aan beide. Harde werk, deursettingsvermoë en 'n roepingsbesef word beloon.

NU WE VOORSITTER, HOOF EN SPAN VOL PLANNE VIR DIE TOEKOMS



Deur Jaco Kleynhans

Na meer as twee dekades se diens op die Opvoedingsraad (beheerliggaam) van ons skool het Willie en Yolanda Nel aan die einde van 2025 uitgetree. Willie was vir meer as 'n dekade ook die voorsitter by ons skool en het 'n reuse bydrae gelewer in die ophou van Orania CVO-skool. Toe die Nelle by die skool betrokke geraak het, was daar 42 leerlinge in 'n skooltjie wat werklik swaar gekry het met swak fasiliteite en uitdagings om te groei. Teen die einde van 2025 kon die Nel-egpaar uittree by 'n skool met meer as 500 leerlinge en fasiliteite wat steeds beter raak en verder uitbrei, 'n voltydse span van meer as 40 personeel by die skool en 'n leierskorps wat gereed is om die toekoms aan te pak.

'n Bekende gesig by Orania CVO-skool en erkende boer in ons groter omgewing, Loutjie Steyn is aan die einde van 2025 deur die OR tot nuwe voorsitter verkies. Loutjie het oor jare 'n groot bydrae by verskeie projekte, en in besonder die Mielieprojek, by ons skool gelewer. Hy is 'n

standvastige hand wat die skool onderweg na 'n nuwe groeifase kan lei.

Na meer as 'n dekade as skoolhoof het Mnr. Johan de Klerk na die spesialispos van Hoof: Akademie verskuif en is Mev. Susan Nieuwoudt as nuwe hoof aangestel. Sy was tot onlangs skoolhoof by Hoërskool Koffiefontein. Die skool se organogram is verlede jaar na 'n uitgebreide proses wesenlik verander met die skep van talle nuwe poste, insluitende verskeie fasehoofde, die nuwe akademiese hoof en ook 'n nuwe hoof vir korporatiewe sake. Me. Madeleine Swanepoel is in dié pos aangestel.

Die skool se struktuur bestaan uit die Opvoedingsraad wat deur die ouers verkies word. Die OR stel die skoolbestuur aan en in samewerking met die skoolbestuur word die ander personeel aangestel. Van die land se top voormalige skoolhoofde is die afgelope twee jaar betrek om ons te adviseer oor die korrekte organogram en struktuur op pad na ons droom om 'n streekskool met 800 leerlinge te wees.



Voorsitter:
Mnr. Loutjie Steyn

Die Opvoedingsraad sien uit na 'n tydperk van verdieping in gehalte onderrig, goeie buitemuurse aktiwiteite, die noodsaaklike uitbreiding van fasiliteite, soos ons sportterrein waarvan die ontwikkeling bykans afgehandel is, en beleggings in infrastruktuur, tegnologie en stelsels wat ons personeel kan bemagtig om ons kinders vir 'n toekoms vol onsekerheid, maar ook ryk aangeleenthede, voor te berei.

Met alle poste by die skool wat sedert die begin van 2026 gevul is, kan die nuwe organisasiestruktuur volledig funksioneer en sien ons reeds die eerste resultate van 'n skool wat reeds na 'n hoër rat oorgeskakel het. Word deel van hierdie groeiende skool van die toekoms!

Kom studeer op die *kampus sonder mure!*

Tersiêre opleiding in skaars vaardighede - besoek www.bko.co.za vir inligting

Huppelkind en die pad Dagsorgsentrum vorentoe

By Huppelkind is ons die afgelope tien jaar bevoorreg om op vele terreine ons storie van groei en innovering te kon vertel. Dit is vanjaar niks anders nie en ons is reeds besig met talle opwindende dinge!

Ons weet gewis dat dit nie uit ons self is nie én buig telkemale nederig en in dankbaarheid aan ons Hemelse Vader se voete neer.

Ons is nou op die vooraand van die volgende 10 jaar van Huppelkind Dagsorgsentrum se bestaan:

In ons bedrywige en innoverende aard het ons as familie nuwe planne. Ons wil in die eerste plek onself verbeter. Ons is opgewonde om met die diens wat ons in ons gemeenskap en die omliggende omgewing kan lewer, na 'n volgende rat oor te skakel.

1. Huppelkind Dagsorgsentrum streef om Christelike waardes en gesonde karakterbou deur ons dagprogram uit te leef. Ons doen dit met die vaste wete dat ons, ons krag en leiding van ons Skepper en Vader af ontvang. Ons werk hard om deur ons eie voorbeeld in nederigheid te lei.
2. Ons Huppelkindfamilie bly gefokus om ons moedertaal suiwer te gebruik vir die daaglikse oordrag van kennis. Dit is 'n feit dat kinders wat in hul moedertaal onderrig word gemakliker leer, dinge memoriseer en meer geborge voel.
3. Die emosionele gesondheid van ons totale Huppelkindfamilie is hoog op ons prioriteitslys. 'n Mens kan jou werk net so goed doen soos wat jy op 'n gegewe dag voel. Dit is belangrik dat ons op die uitkyk is vir mekaar se innerlike emosionele "emmers". Ons streef daarna om mekaar se totale menswees te ondersteun.
4. Sensoriese aktiwiteite tydens ons buitespel tye is vir ons van kardinale belang veral omdat die wêreld waarin ons leef so snel moderniseer. Dit is belangrik om in voeling te bly betreffende die sensoriese vaardighede en ingestel te wees op ontdekkings- en ervaringsgeleenthede.
5. Aangesien u reeds bewus is van die belangrikheid van bewegingsontwikkeling vir ons Huppelkinders het ons die dienste van arbeidsterapeut Elné Döhne ingekontrakteer. Sy



gaan met haar kundigheid lesse saamstel vanaf die Slaapkousie ouderdom tot en met die Boekwurms wat spesifiek gerig is op die liggaamlike ontwikkeling van elke fase. Hierdie lesse word dan aangebied vir die kinders met die versorgers in 'n indiensopleidende hoedanigheid.

6. Nog 'n belangrike vaardigheid wat ook onder die vergrootglas geplaas gaan word en nog meer aandag gaan geniet is musiekontwikkeling. Musiekaanbieding op 'n jong ouderdom word ook 'n vlak verder geneem. Die belangrikheid van musiek vir verdere leer en lees is van kardinale belang. Musiek stimuleer die jong kind se wiskundige en wetenskaplike denke. Die kundige personeel van Karoo Klanke en Klingels se aanbieding van musiek vir beginners en uitgewerk vir elke fase gaan 'n wonderlike toevoeging tot die kinders se ontwikkeling wees. Ciska en Christelle is kundiges op die terrein maar het die hart om mooi met kinders te werk.
7. Om ons weeklikse program af te sluit bied ons ook deur ons saalaktiwiteite aan die kleine Huppelkinders die geleentheid om op kultuurvlak, eienaarskap te neem. Ons is in die eerste plek verantwoordelik om 'n liefde by ons kinders te kweek om sodoende die begeerte te ontwikkel om ons kultuurerfenis te bewaar.
8. Aktiwiteite word genotvol aangebied soos bv:
 - ❖ Volkspele vaardigheid.
 - ❖ Vlaghys en skoollied sing, leuse, kreet aanleer, om 'n gevoel van trots te kweek.
 - ❖ Heerlike saamsingliedjies met klavierbegeleiding.
 - ❖ Leersame stories en poppekas genot.
 - ❖ Speletjies eie aan ons kultuur-omgewing én
 - ❖ skaak vir beginners met ons eie Orania gedagte as storielyn te beleef.
9. Die dag se program sluit ook in: a. versorging b. roetine vestiging c. dissipline d. etes en genoegsame vloeistof inname volgens 'n weldeurdagte uitgewerkte spyskaart.
10. Ons is verheug om ons nuwe webwerf en ons besonderse embleem, wat sprekend van ons Karoo-omgewing is, bekend te stel. www.huppelkindorania.co.za

Kuber kraai koning!

Waarom KuberSkool die toekoms van onderwys beliggaam

In 'n wêreld waar tegnologie ons lewens vinnig transformeer, bied KuberSkool 'n innoverende en aanpasbare oplossing vir onderwys. Hierdie unieke aanlyn-skoolmodel kombineer die beste van tegnologie, tradisionele waardes en gestruktureerde onderrig om aan die behoeftes van moderne gesinne te voldoen.

KuberSkool stel leerlinge in staat om in Afrikaans hoë gehalte onderrig te ontvang, ongeag waar hulle woon. Die kurrikulum is stewig gegrond op Christelike beginsels, wat nie net akademiese groei nie, maar ook karakterbou bevorder. Onderwysers speel 'n sentrale rol in die aanbieding van gestruktureerde klasse, terwyl ouers 'n ondersteunende rol inneem in hul kinders se akademiese reis.

Een van die grootste voordele van KuberSkool is die buigsaamheid wat dit bied, sonder om struktuur prys te gee. Alhoewel leerlinge van die huis af studeer, volg hulle 'n daaglikse rooster wat hulle help om gereeld en gefokus te werk. Deurlopende assessering verseker dat hulle akademiese doelwitte bereik, terwyl kwartaalike vorderingsverslae ouers ingelig hou oor hul kinders se prestasie.

KuberSkool bied meer as net akademie. Leerlinge het toegang tot 'n verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite, insluitend sportsoorte soos rugby, netbal en atletiek, sowel as kulturele aktiwiteite soos sang, redenaars, en kuns. Hierdie geleenthede skep 'n gevoel van gemeenskap en gee aan leerlinge



die kans om deel te wees van iets groter, al is hulle nie fisies op 'n skoolterrein nie.

Wat maak dit anders as gewone skool?

KuberSkool staan uit as 'n skool-by-die-huis oplossing wat aan leerlinge die geleentheid bied om tuis te leer, maar steeds deel te wees van 'n gevestigde skoolkultuur. Anders as gewone skole, kombineer KuberSkool gevorderde aanlyntegnologie met 'n gestruktureerde, gedissiplineerde raamwerk wat tradisionele waardes bevorder. Leerlinge ontvang die voordele van 'n fisiese skool, soos toegang tot sport, kultuur, en 'n verrykte kurrikulum, maar in 'n veilige en ondersteunende huislike omgewing.

Wat KuberSkool werklik uniek maak, is die kombinasie van gevorderde tegnologie en tradisionele onderrigpraktyke. Met behulp van die Moodle e-leerplatform word lesmateriaal, video's en stemboodskappe op 'n interaktiewe manier aangebied. Hierdie tegnologie bring die klaskamer reg in jou huis in en maak dit moontlik om buite die grense van 'n fisiese klaskamer te leer.

As deel van Orania CVO-skool volg KuberSkool dieselfde kurrikulum as die skool, maar binne 'n huislike omgewing.

Dissipline en skoolkultuur word steeds gevestig, wat beteken dat leerlinge nie net akademiese uitnemendheid najaag nie, maar ook verantwoordelikheid en selfdissipline ontwikkel.

Die toelatingsproses by KuberSkool is deursigtig en eenvoudig. Gesinne moet die skool se gedragskode en waardes onderskryf, en die inskrywingsproses sluit 'n onderhoud en formele toelating in. Sodra 'n leerling geregistreer is, kry hulle toegang tot die e-leerstelsel met hul unieke gebruikersnaam en wagwoord, wat hulle in staat stel om hul akademiese reis te begin.

KuberSkool is nie net 'n aanlyn skool nie; dit is 'n lewenstyl wat die moderne gesin in staat stel om onderwys van wêreldgehalte in 'n veilige, huislike omgewing te geniet. Dit is die perfekte oplossing vir gesinne wat die voordele van tuisonderrig wil kombineer met die gestruktureerde ondersteuning van ervare onderwysers en 'n gevestigde skoolkultuur.

Met sy unieke kombinasie van tradisionele waardes en tegnologiese innovasie, stel KuberSkool die standaard vir die toekoms van onderwys. Sluit aan en ervaar hoe hierdie rewolusionêre benadering jou kind toerus vir sukses in die moderne wêreld.



Nuwe leerlingraad het GROOT planne

Dit is vir die leerlingraad van 2026 'n groot voorreg om onself bekend te stel. Ons sien baie uit na die jaar wat voorlê en ons is dankbaar dat ons Orania CVO-skool in die gemeenskap kan verteenwoordig. Ons wil bydra om elke geleentheid vanjaar suksesvol en betekenisvol te maak. Saam streef ons daarna om die waardes van die skool uit te leef sodat hierdie jaar een van trots en groei kan wees.

As hoofleiers vir 2026 het ons vir Ansuné Venter en Daniël Tomlinson, wat die verantwoordelikheid dra om die leerlingraad te lei. Hulle fokus op duidelike kommunikasie tussen leerlinge en personeel, die bevordering van 'n positiewe skoolomgewing en die handhawing van ons skool se waardes. Hulle doel is om elke leerling gerespekteerd en gemotiveerd te laat voel.

Zincke Straszacker en Corné de la Querre staan aan die hoof van sport en akademie. Hulle wil deelname, dissipline en toewyding onder die leerlinge in beide die klaskamers en op die sportveld aanmoedig. Hul planne sluit in om samewerking te versterk, klem te plaas op akademiese prestasies en om te help bou aan 'n kultuur waar almal hulle volle potensiaal kan en wil bereik.

Marioné Marx en Jacobus van der Merwe fokus op die kultuur, waardes en tradisies van die skool. Hulle

wil die hart en identiteit van die skool versterk. Deur waardegedrewe inisiatiewe wil hulle verseker dat die skool 'n plek bly waar Christelike geloof, respek en die Afrikanerkultuur sentraal staan.

Die sosiale lewe van die skool word deur Marleigh Nothnagel en Drikus Truter behartig. Hulle beoog om geleenthede te skep waar leerlinge kan ontspan, saamkuier en vriendskappe bou. Met hulle kreatiewe idees en entoesiasme wil hulle sorg dat 2026 gevul is met lekker en inklusiewe sosiale aktiwiteite.

Met 'n visie vir die toekoms en 'n vaste verbintenis tot die waardes van Orania CVO-skool, sien die leerlingraad daarna uit om al die uitdagings en geleenthede met ywer aan te pak. Ons stap die jaar met oorgawe binne en glo ons sal saam met die onderwysers, ouers en leerlinge met trots aan die skool kan bou.



Ons ouers vertel

Waarde van Orania CVO-skool

Om mee te begin, is die skool se vyf waardes, vir ons as ouers, 'n groot riem onder die hart.

Dit is vir ons baie gerusstellend om te weet die skool het sulke sterk fondasies om op te bou. Orania CVO-skool is beslis vir ons 'n eerste keuse.

Nie net is die skool naby nie, maar voldoen ook aan die behoeftes, wat ons as ouers het, vir die akademiese opvoeding van ons kinders en is ook wel vir ons 'n uitstekende skool.

Op sportvlak, presteer die skool baie goed, en akademies is ons baie sterk. Die matriekklas van 2025 het weer bewys hoe jy van graad 1 af gekweek word tot in graad 12 om sulke mooi punte te behaal.

Ons voel die skoolwerk wat met ons kinders behandel word, is van hoogstaande gehalte. Daarby is die IEB sillabus, wat in graad 12 behandel word, nie maklik nie.

Dit is vir ons as ouers baie gerusstellend om te weet dat ons kinders dieselfde Christelike opvoeding ontvang by

die skool, as by die huis en dat kinders sodoende die regte waardes ontvang om die buitewêreld in te gaan.

**Chrismi en Ryno Verster**

Orania CVO-skool is die eerste skool waarin ons 3 dogters ooit was. Die skuif was verseker die moeite werd, 'n skool met goeie dissipline en waardes. Ja, 'n skool bly 'n skool, en kinders bly kinders. Jy gaan altyd klagtes hê, ongeag waar jou kind is. Ons kan wel daarvan getuig dat die skool klagtes behoorlik ondersoek, en dit positief hanteer. Kernwaardes bly die belangrikste: Christenskap, respek, eerlikheid, ywer en Afrikanerkultuur. Orania CVO-skool leef hierdie waardes uit. Ons is dankbaar dat ons kinders se skoolervaring by Orania CVO-skool opbouend en

leersaam is. Skool berei jou vir die lewe voor, en met Orania CVO-skool se waardes, voeg dit kwaliteit tot ons 3 se lewens toe.

Orania CVO-skool bied 'n veilige tuis!

**Sarel en Christelle de Villiers**

Ons as ouers van drie leerlinge in Orania CVO-skool is baie dankbaar vir dié skool. Ek kan in die oggend my kinders met 'n geruste hart by die skool aflaai. Ek weet hul is in 'n veilige leeromgewing waar hul in hul moedertaal, Afrikaans, onderrig word. Orania CVO-skool is 'n trotse Christelike skool en dit lê my baie na aan die hart. Die skool het goeie waardes naamlik Christelike geloof, respek, eerlikheid, ywer en Afrikanerkultuur wat deel vorm van die skool se opvoeding en onderrig. Die leerlinge word opgevoed om met integriteit te lewe en leer kosbare lewenslesse wat hul vir altyd met hul sal saam dra. Orania CVO-skool het

baie goeie onderwysers en die akademie is van uitstekende gehalte. Ons is trots om deel te kan wees van 'n uitnemende skool soos Orania CVO-skool waar kinders gebalanseerd kan opgroei.

**Stevie en Zanette Zwiegiers**

Alhoewel ons in 'n gebroke wêreld woon, bly dit enige ouer se strewe om 'n omgewing so na as moontlik aan volmaak te skep, waarbinne ons kinders kan opgroei en ontwikkel.

'n Kern eienskap van so 'n omgewing is stabiliteit.

Kinderssmaginerentnasekerheid. 'n "Verkleurmanneljebestaan" laat hul onseker voel en ondermyn hul ontwikkeling. Daarom is dit krities noodsaaklik dat die huis en skool etos ooreenstem wat betref beginsels, waardes en norme. 'n Gedeelde kollektiewe lewens- en wêreldbekouing dra by tot kohesie binne die skool gemeenskap wat 'n kultuur van uitnemendheid help vestig.

Al bly Orania CVO-skool steeds 'n aardse instelling met gebreke, was dit verseker die skolastiese keuse naaste aan volmaak.

Die Therons is nederig dankbaar en gelukkig om deel te kon word van 'n skool en gemeenskap wat soos een groot familie saam bou en werk aan 'n toekoms vir ons kinders en die voortbestaan van ons volk!

**Tiaan en Monica Theron**



oud-skoliere **STAAN HUL PLEK VOL IN DIE SAMELEWING**

Deur Johan de Klerk

Orania CVO-skool het in 2002 sy eerste matrikulant opgelewer. Dit was San-Mari van Niekerk. Die matriekklas van 2025 was die grootste klas wat die skool nog gehad het en dit was 'n klas van vier en twintig matrikulante.

Sedert 2002 het Orania CVO-skool in totaal 210 matrikulante die wêreld ingestuur. Die meeste matrikulante kom uit Orania, maar daar is ook 'n aantal wat uit ander dorpe by ons kom skool gaan het.

Orania se matrieks skryf die afgelope twaalf jaar die hoogs aangeskrewe IEB-matriekeksamen. Baie van ons oud-skoliere kom terug Orania toe of beklee 'n goeie pos elders in Suid-Afrika. Hulle staan nie terug vir tersiêre uitdagings nie en maak hul merk op universiteite, teknikons en kolleges.

2015 se matrieks het in Oktober verlede jaar hul tienjarige reünie gehad. Vyf van die agt oud-skoliere maak 'n lewe in en om Orania. 2017 se hoofseun en hoofdogter is woonagtig in Orania en hulle is uitgevra oor hul lewens, asook die rol wat die skool in hul lewens gespeel het.

Foto regs: 2015 se matrieks het in Oktober 2025 hul 10-jarige reünie gehad. Al agt was teenwoordig.

Vlnr: Angelique, Henrico, Tom, Hugo, Tom, Christoff, Hermanus en JC.

SUMARI DE WET (Klas van 2017)

Sumari het na skool BCom.

Bestuursrekeningkunde deur Akademia studeer. Sy werk tans vir LM Rekenmeesters in Orania en is besig om haar rekenmeesterskwalifikasie te verwerf.

Sy sê dat Orania CVO-skool help bou het aan die fondament in haar lewe en haar gehelp het om 'n werksetiek in haar lewe te vorm.

Die Christelike waardes en akademiese vaardighede wat sy op skool geleer het, het bygedra dat sy van haar universiteitsloopbaan 'n sukses kon maak. Sumari het uitblink op die kultuurterrein en het aktief aan kultuuraktiwiteite deelgeneem op skool.



COBUS KIRSTEN (Klas van 2017)

Cobus wou na skool net by die Franse weermag aansluit, maar het tog besluit om die ambagsrigting saam met sy pa, Niklaas te volg. Sy pa is al van 1995 af in Orania werkzaam. Cobus is al van 'n driejarige kleuter in sy pa se werkwinkels besig en betrokke. Hy sê dat die bou van implemente hom gekies het en dat daar nie tyd was vir 'n matriekvakansie nie. Hy het onmiddellik begin werk. Hy en sy pa werk al formeel agt jaar saam. Hulle werk lekker in 'n span en sal daarmee volhou.



Hy sonder veral sy tegniese onderwyser, mnr. Mario Lombard uit wat 'n sterk rol in sy lewe gespeel het. Naas akademie het hy baie lewenslesse by mnr. Mario geleer. Wat ook vir hom besonders was, is dat hy van jongs af in 'n Christelike Afrikanerskool kon gewees het en van die Afrikaner se geskiedenis kon leer.

Orania CVO-skool is in 'n proses om 'n oud-skoliere bond te vestig. Oud-skoliere word genooi om 'n WhatsApp-boodskap aan juf. Madeleine Swanepoel (076 810 7905) te stuur met jou naam en van en die jaar wat jy in matriek was.



Ons rus vryheid-
strewende en
veerkragtige leerlinge
vir die lewe toe wat hulle plek
volstaan in die samelewing.



ERIK DU PREEZ

Studeer B.Sc. Aktuariële Wetenskap, H.Sc. Besigheidsanalise en M.Sc. Bedryfswiskunde en Informatika aan NWU.
Tans werksaam by Prima Batebestuur (Edms) Bpk in Orania.
Hoogtepunte:

- Verwerf 'n Golden Key-toekenning in sy eerste jaar.
- Aangewys as toppresterder in sy honneursjaar. Slaag beide sy honneurs- en meestersgrade met Cum Laude.



WIEHAN NEL

Studeer BCom in Ondernemingsbestuur aan die Noordwes Universiteit op Potchefstroom.
Tans werksaam by Wilco Agri in Orania.
Speel rugby vir die Pukke by die NWU Rugby Instituut.
Hoogtepunte:

- Speel vir die Luiperds se o/19-rugbyspan teen New Zealand se o/19 rugbyspan, die Baby Blacks, in Potchefstroom.
- Speel ook vir PUK o/19 en o/20. Druk die meeste drieë vir die seisoen in 2024.



CARA TOMLINSON

Studeer BA Kommunikasie en Bemarking aan NWU.
Voltooi daarna haar NGOS-diploma.
Tans werksaam by die FAK as die kultuurkoördineerder van die Noord-Kaap.
Hoogtepunte:

- Sy slaag haar graad met lof en verwerf ook 'n Golden Key-toekenning.



WJ NEL

Studeer BCom in Bestuursrekeningkunde aan die Noordwes Universiteit op Potchefstroom.
Tans werksaam by Wilco Nexus Groep in Orania.
Speel rugby vir die Pukke by die NWU Rugby Instituut.
Hoogtepunte:

- Speel vir die Pukke se 7's rugbyspan in verskeie toernooie soos die Varsity 7's Cup en USSA's Sevens.
- Verwerf 'n Golden Key-toekenning in sy eerste jaar.



MARIE-LOUISE DE NYSSCHEN

Studeer BA Kommunikasie en verwerf haar Honneursgraad in Korporatiewe Kommunikasie. Verwerf beide haar graad en honneursgraad Cum Laude aan NWU.
Tans Hoof van Kommunikasie by Lex Libertas in Pretoria.
Hoogtepunte:

- Ontvang die prys vir die toppresterende student in alle BA kwalifikasies aan die NWU oor al drie die kampusse in 2023.
- Hooforganiseerder by die eerste Future of Nations Conference wat onlangs in Pretoria aangebied is.



JANA TOMLINSON

Studeer tans veeartsenykunde by Onderstepoort (Universiteit van Pretoria).
Sy is besig met haar vierde jaar.
Sy speel netbal by Onderstepoort en neem ook deel aan aCapella.
Hoogtepunte:

- Sy ontvang 'n Golden Key-toekenning in haar eerste jaar.



GERHARD PRETORIUS

Studeer B.Arch en B.Arch(Hons) by die Universiteit van die Vrystaat.
Werk tans as argitek by AVstrooi Argitekte BK in Orania en het onlangs sy professionele eksamens voltooi.
Hoogtepunte:

- Ontvang Golden Key-toekenning in sy 1ste jaar



KLEURE ATLETIEK



Bladsy geborg deur: **Eleksa**



KLEURE
ATLETIEK





ONS DOEN NIE KULTUUR NIE – ONS **LEEF** KULTUUR!

(Elke dag, in alles wat jy aanpak, vandat jy opstaan tot jy weer gaan slaap en ook elke oomblik tussenin!)



Deur Anné van Zyl

Ons geesdrif vir ons kultuur wys elke dag in ons en ons kinders se bestaan - in ons lewenswyse. Dit is ons suurstof, dit is in ons bloed. Ons leef dit uit in ons geloof, ons beoefen dit in ons redenaars, ons dra dit oor in ons kuns, dit vloei uit ons kinders se penne en jy kan dit sien lewendig word op die verhoog wanneer ons kinders dit uitbeeld met selfvertroue en trots.

Ons skool se kultuurprogram bestaan uit vyf afdelings, naamlik 'n Kultuurfees (drama en musiek), redenaars, beeldende kuns, literêre werk en Bybelkennis.

Ons het verlede jaar afgeskop met die eerste ronde van Bybelkennis, waar die hele skool (Graad 4-12) deelgeneem het aan die Bybelkennis-eksamen. Hiervandaan het 'n paar van ons leerlinge deurgedring na ronde 2 waar hulle individueel of in spanverband kon deelneem. Hier het 22 van ons leerlinge deurgedring na Bybelkennis ronde 3 in Krugersdorp.

Die beoordeling van die BCVO-inskrywings vir literêre werk en beeldende kuns het verlede jaar in Orania plaasgevind. Ons het 49 inskrywings by Orania CVO-skool ontvang. 'n Groot aantal van ons leerlinge se kunsstukke is gekies vir die BCVO nasionale kunsuitstalling by die Voortrekkermonument in Pretoria. Daar was 'n navraag vanaf die beoordelaars oor Nina de Villiers en Leneca Theron se kunsstukke om dit by hulle te koop. Ons kinders lewer regtig goeie werk!

Ons skool se kultuurfees het op 23 Mei 2025 plaasgevind.

Ons kinders kon spog met drama- en musiekitems. Die streekkultuurfees volg daarna op 2 Augustus met 120 inskrywings van Orania CVO-skool. Ons musiek en sang het baie toegeneem en verbeter sedert daar 'n musiekskool in die dorp is en musiek georganiseerd aangebied word.

Noord-Kaap wen die BCVO se nasionale kultuurbyeenkoms vir 2025 en die Noord-Kaap span word 100% vanuit Orania CVO-skool saamgestel. Daar word 5 spesiale toekennings gegee: beste laerskool drama-item

na bladsy 15



Van bladsy 14

(Nina Murphy), beste laerskool musiekitem (Eben de Klerk) en beste hoërskool drama-item (Leneca Theron – sy skryf ook hierdie dramastuk self).

Ons skool se redenaarskompetisie was ook verlede jaar van hoë gehalte. “Dit is opwindend om te sien met hoeveel passie en oorgawe hierdie kinders oor hul kultuur, Afrikanermonumente en ons taal, Afrikaans, praat. Hul dapperheid en waagmoed is inspirerend vir baie,” sê Cara Tomlinson, die FAK se kultuurkoördineerder in die Noord-Kaap, en ook Orania CVO-skool se kultuurorganiseerder.

Ons skool het ook deelgeneem aan die BCVO se nasionale redenaarskompetisie waar die leerlinge met die beste toesprake van elke streek die geleentheid kry om hulle standpunt in te neem en die gehoor van hulle standpunte te oortuig. Ons het 24 leerlinge wat aan die BCVO landswye redenaarskompetisie op 22 Augustus te Pretoria deelgeneem het. Ons wen 3 van die 4 fases (Gr. 1-3 Nina Murphy, Gr. 4-6 Saul Murphy en Gr. 7-9 Emma de Villiers). Vyftien van ons leerlinge het in die eerste 5 plekke van hulle graad tydens die byeenkoms geëindig.

Ons het 'n baie goeie en suksesvolle kultuurjaar agter die rug en kan werklik trots wees op ons leerlinge. 'n Groot dankie aan die OppiHoef Fonds wat dit vir leerlinge moontlik gemaak het om verlede jaar aan die Nasionale Kulturfees te kon gaan deelneem. Ons beplan reeds 'n groot fokus op kultuur vanjaar by die skool.





Deur Tanya Pretorius

Die laerskool van Orania CVO-skool, wat Graad 4 tot 7 insluit, is 'n baie belangrike tyd in elke leerling se skoolloopbaan. Dit is in hierdie jare waarin leerlinge groot groei toon – nie net in hul skoolwerk nie, maar ook in hoe hulle dink, optree en saam met ander werk. Hierdie fase vorm die oorgang tussen die grondslagfase en die hoërskool en help leerlinge om al hoe meer selfstandig te raak.

Wanneer leerlinge Graad 4 betree, begin daar 'n nuwe fase in hul skoolloopbaan. Die oorgang vanaf Graad 3 bring nuwe vakke, meer werk en hoër verwagtinge mee. In Graad 4 begin leerlinge met Afrikaans, Engels, Wiskunde, Christelike Lewensoriëntering, Bybel, Geskiedenis, Geografie en Natuurwetenskap. Hierdie vakke help om leerlinge se kennis te verbreed en nuwe belangstellings te ontwikkel, terwyl hulle steeds ondersteuning en leiding ontvang.

Ons verstaan dat hierdie oorgang nie net vir leerlinge 'n aanpassing is nie, maar ook vir ouers. Daarom fokus ons daarop om leerlinge geleidelik te leer om verantwoordelikheid vir hul eie werk te neem. Hulle word aangemoedig om onafhanklik te werk, hul tyd beter te beplan en meer selfvertroue in hul eie vermoëns te kry. Ons glo dat ondersteuning en begrip 'n groot rol speel om leerlinge veilig en positief deur hierdie fase te lei en dit is belangrik dat die onderwyser hierdie taak goed behartig.

By die skool is daar ook 'n sterk gevoel van trots en betrokkenheid onder ons leerlinge. Hulle neem graag deel aan akademiese aktiwiteite, sport, kultuur en ander skoolgeleenthede. Leerlinge is bereid om hul beste te doen en deel te wees van dit wat by die skool gebeur. Hierdie gees van samewerking dra by tot die positiewe en vriendelike atmosfeer.

Daar is aan 'n paar leerlinge die vraag gevra oor hoe hulle ons skool ervaar. Hier is hulle antwoorde:

“Die skool is lekker en ek geniet pouse.”

“Ek hou van ons skool, want die onderwysers is vriendelik en help ons as ons iets nie verstaan nie.”

“Ons skool is lekker en ons leer baie interessante dinge in die klas.”

“By ons skool leer ek nie net skoolwerk nie, maar ook om ons vyf kernwaardes uit te leef.”

Ons skool is 'n plek waar elke leerling veilig moet voel en ook trots kan wees op dit wat ons bereik. Dit is 'n omgewing waar ons leerlinge aangemoedig word om hul beste te gee en nie bang te wees om foute te maak nie. Dit is 'n voorreg om deel te wees van 'n skool waar die gemeenskap saam met die skool groei.

'n Nuwe jaar vol hoop en hart – junior primêr skop 2026 af

Deur Andrea van Rensburg

Die begin van 'n nuwe skooljaar bring altyd 'n mengsel van opgewondenheid, klein senuwees en baie verwagtinge – veral in die junior primêre fase waar klein voetjies groot treë gee. Vanjaar is geen uitsondering nie en ons het die kwartaal met besondere warmte en samehorigheid afgeskop.

Ons graad 1's se eerste skooldag en klokluigeleentheid was 'n spesiale hoogtepunt. Ouers, personeel en leerlinge het saamgestaan om hierdie groot mylpaal te vier. Vir baie was dit hul eerste tree in die 'groot skool', en dit was kosbaar om die mengsel van trotse glimlagte, stywe drukkie en nuuskierige ogies te sien. As personeel besef ons weer wat 'n groot voorreg dit is om deel te wees van elke kind se beginpad.

'n Groot gunsteling onder die leerlinge was beslis Kwassie die Dassie wat vroegoggend kom help het om ons graad 1-leerlinge te ontvang. Met Kwassie se vrolike teenwoordigheid, tesame met ons skool se krete wat luidkeels gesing is, het die graad 1's sommer dadelik gevoel



dat hulle behoort. Die energie, laggies en geesdrif het gewys: hier is jy welkom, hier is jy deel van ons skoolfamilie.

Om die kwartaal verder saam af te skop, het ons op 16 Januarie ons junior primêr-ken-mekaar-braai gehou. Hierdie geleentheid het personeel en gesinne die kans gegee om mekaar in 'n ontspanne, gesellige atmosfeer beter te leer ken. Dit was 'n heerlike tyd van kuier, lag en saamwees – 'n herinnering dat 'n skool meer is as net klasse en boeke; dit is 'n gemeenskap wat saam groei.



Ons kyk met dankbaarheid terug op hierdie mooi begin en sien uit na 'n jaar vol leer, groei en baie spesiale oomblikke. By die junior primêre fase glo ons: wanneer kinders veilig, geliefd en welkom voel, kan hulle werklik blom. Met ongewondenheid pak ons 2026 saam aan!



Bladsy geborg deur: **Orania Ontwikkelingsmaatskappy**



100% SLAAGSYFER




Veels geluk

aan ons matrikulante van 2025 wat weer 'n 100% slaagsyfer behaal het.
Orania CVO-skool het 'n ononderbroke rekord van 100% slaagsyfers sedert ons bestaan.

Ons het in 2025, vier en twintig matrikulante gehad en soos nog elke jaar van ons skool se bestaan, het almal geslaag.

Vier en twintig onderskeidings is deur die klas behaal.



Jacobus Venter
Drie onderskeidings
Gemiddeld van **80,29%**



Liesl van Wyk
Drie onderskeidings
Gemiddeld van **77,14%**

Miecke Vorster
Drie onderskeidings
Gemiddeld van **76,57%**

Nina de Villiers
Drie onderskeidings
Gemiddeld van **75,29%**

Marelize Kriel
Twee onderskeidings
Gemiddeld van **74,14%**

Ons klas van 2025 het uitsonderlik goed presteer.

Met 24 leerlinge is dit die grootste klas wat die skool nog gehad het. Hul klasgemiddeld vergelyk met van die beste uitslae wat die skool nog gehad het.

- **Jacobus Venter** is ons toppresterder en behaal onderskeidings in drie vakke en slaag met 'n A-gemiddeld.
- Die klas behaal 'n gemiddeld van een onderskeiding per kandidaat.

- **96%** van die klas kry toelating tot graadstudie.
- 'n Klasgemiddeld van **65.9%** word behaal.

Veels geluk aan ons matrikulante van 2025! Ons is baie trots op julle. Sterkte met julle studies en loopbane wat nou voorlê.

TOP MATRIKULANTE

Orania CVO-skool, as privaatskool, is deel van die hoogsaangeskrewe en nasionaal erkende Onafhanklike Eksamenraad (IEB) waarvan al Suid-Afrika se top privaatskole deel is. Ons matrikulante skryf dus 'n eindeksamen met baie hoë standaarde wat vir hulle groot geleentheid vir naskoolse studie en loopbane inhou.

Sport in 2026

'n Jaar vol energie, passie en prestasie!

Deur Francis Murphy

Vanjaar beloof om vol energie, passie en spanwerk te wees. Ons skool het 'n baie aktiewe sportraad bestaande uit onderwysers en ouers wat aktief die skool se sportaktiwiteite vooruit beplan. Ons sportprogram gaan nie bloot oor kompetisie en prestasie nie, maar leer ons leerlinge die waarde van gedissiplineerde oefening, harde werk en die vreugde van samewerking en spangees.

Die 2026-sportjaar het afgeskop op 'n kleurvolle en energieke noot in Januarie met meer as 600 atlete van verskeie skole wat bymekaargekom het om in vyf kleurspanne mee te ding. Die optog deur die dorp het vir baie pret en spanbou gesorg, terwyl die gees van ondersteuning 'n naweek van verskeie persoonlike beste prestasies en rekords opgelewer het.

Ons sien uit na 'n jaar vol opwindende byeenkomste wat talent, toewyding en spanwerk sal toets en vier.

ATLETIEK

13 Februarie Sentraal Top 20 Atletiek

Jaarliks ontvang ons skool die uitnodiging van Hoërskool Sentraal in Bloemfontein om aan hulle Top 20-atletiekbyeenkoms deel te neem en bied ons aan ons beste atlete hierdie geleentheid. Vanjaar is 15 atlete gekies om ons skool te verteenwoordig.

19 Februarie Streeksatletiek in Bloemfontein

Hierdie streeksbyeenkoms bring die beste atlete uit die BCVO in die Noord-Kaap bymekaar. Dit is 'n fantastiese geleentheid om mee te ding met ander skole en om te wys wat in jou steek. Die top atlete kwalifiseer om aan die nasionale byeenkoms deel te neem.

12, 13, 14 Maart – Nasionale Atletiekbyeenkoms in Sasolburg

Hier meet byna 1000 atlete van al die BCVO-streke kragte. Atlete neem deel aan naellope, langer afstande wat 'n unieke mengsel van uithouvermoë, spoed en krag verg en kragtige gooi- en spronggevegte. Dit is elke jaar 'n pragtige sportgeleentheid.

RUGBY EN NETBAL

17 April – Noord-Kaap Netbal- en Rugbyproeve in Orania

Na die pretnetbal van 19 Maart, die oefendag van 21 Maart en die aksienetbal en -rugby van 9 April moet die spelers hulle staal kom wys by die proewe. Die rugby- en netbalseisoen skop af met proewe waaraan al die Noord-Kaap skole deelneem. Hier word die spanne gekies wat aan die Winterspele van 2026 gaan deelneem.

8 – 9 Mei Bondedag in Naboomspruit

Gedurende die Bondedag speel vier streke teen mekaar en word Bokkiespanne gekies om later in Julie aan die AVS se Winterweek deel te neem.

Op 25 Mei en 20 Junie is daar nog twee oefendae om gereed te maak vir die Winterspele.

12 Junie – Kleureoorhandigingsfunksie in Orania

'n Mooi datum op ons sportkalender is ons jaarlikse Kleureoorhandigingsfunksie. Ons skool se Noord-Kaap-kleure word tydens hierdie spogaand aan spelers oorhandig en gassprekers word genooi om spelers te vermaak en opnuut te begeester.

25 – 27 Junie Winterspele IN ORANIA

Ons maak GESKIEDENIS in 2026!

Vir die eerste keer in BCVO se geskiedenis word die Winterspele vanjaar in Orania aangebied. Die BCVO Winterspele is 'n jaarlikse sporttoernooi waar die streke se rugbyspanne en netbalspanne die geleentheid kry om teen mekaar mee te ding. Na jare se voorbereiding, beplanning en spaar, is Orania CVO-skool se nuwe sportterrein amper gereed. Ons sien met opwinding daarna uit om al die streke hier by ons te ontvang.

KRIEKET

25 Julie Krieketproewe in Vryburg

Ons jaarlikse krieketproewe ontdek en koester krietertalent onder beide seuns en mesies in die Noord-Kaap om sodoende spanne saam te stel wat aan die nasionale BCVO T20 Kriekettoernooi deelneem.

Daar is ook opwindende geleenthede om blootstelling te gee aan leerlinge wat die talent en belangstelling toon. Daar word 'n OPL (Orania Premier Liga) toernooi gehou op 3-7 Augustus, 'n laerskool dubbelpaaltjie wedstryd op 8 Augustus, sowel as 'n hoërskool-teen-ouers pretwedstryd op 11 Augustus.



13 – 15 Augustus Nasionale Krieket in Pretoria

Die Nasionale Krieketbyeenkoms bring die verskillende streke bymekaar om kragte te meet. Tydens hierdie byeenkoms word die beste spelers in Bokkiespanne gekies om aan die AVS Somerweek in Meyerton deel te neem.

TENNIS, LANDLOOP EN SKAAK:

11 – 12 September Streek Tennis, Landloop en Skaak in Orania

Ons eerste tennis sportgeleentheid vir die jaar skop af met ons Streektennis. Hier word

die beste spelers geïdentifiseer, wat dan die geleentheid gebied word om aan die BCVO se nasionale tennis in Pretoria te gaan deelneem.

Landloop bied aan ons afstand atlete nog 'n lekker geleentheid om tot op nasionale vlak te kan deelneem, terwyl skaak aan ons leerlinge die geleentheid bied om kognitiewe vaardighede te verbeter en ook om op nasionale vlak te gaan deelneem.

9 – 10 Oktober Nasionale Landloop en Skaak in Noord-Transvaal

Noord-Kaap leerlinge wat gekwalifiseer het vir die nasionale byeenkoms kry die geleentheid

om op BCVO nasionale vlak in die Noord-Transvaal te gaan deelneem aan die nasionale landloop en skaak.

24 Oktober Nasionale Tennis in Pretoria

Vanjaar hervat die BCVO nasionale tennistoernooi wat nog 'n onvergeetlike sportgeleentheid vir ons leerlinge inhou.

Spring in en wees deel van hierdie sportjaar vol passie, prestasie en drome! Ons skool se sportaanbod verbeter elke jaar en ons is opgewonde oor al die sportaktiwiteite wat vir die jaar voorlê.

TENNIS GROEI STERK BY ORANIA CVO-SKOOI

Deur Monica Theron

Orania CVO-skool se tennis het die afgelope twee jaar merkwaardige groei getoon. In 2024 het die skool begin om tennis meer ernstig te ontwikkel en die twee bestaande tennisbane is terselfdertyd splinternuut oorgedoen. Die pragtige bane het gou 'n middelpunt van sportaktiwiteit geword.

Die tennis-oefengroepe het vinnig gegroei en die spelers geniet dit om weekliks kragte te meet. By die skool is daar ook 'n tennisleer waar spelers mekaar uitdaag om die topposisies op die laer- en hoërskoolleer te beklee. Hierdie stelsel help spelers om voortdurend te ontwikkel en hul vaardighede te verbeter.

Om die sport verder te bevorder, word daar jaarliks 'n tennis-pretdag aangebied vir spelers van die grondslagfase tot in die hoërskool. Hierdie dag is altyd vol energie en pret. Leerlinge skryf in spanne in en kompeteer teen mekaar, terwyl daar ook 'n prys toegeken word vir die beste spandrag, wat sorg vir baie kreatiwiteit en skaterlag.

Gedurende 2025 het Orania CVO-skool ook die Noord-Kaap Streeks- tennistoernooi aangebied. Die opkoms was baie goed en dit was 'n groot hoogtepunt op die skool se sportkalender.

Ons sien ook uit na 2026 wanneer ons weer die geleentheid kry om binne die BCVO-struktuur aan 'n Nasionale Tennistoernooi deel te neem. Verskeie leerlinge het ook buite die BCVO-struktuur aan tennistoernooie deelgeneem.

Na bladsy 21



Saterdag 5 September 2026
12:00 tot 22:00 | Nuwe Rugbyvelde



ONS



Tennis groei sterk by Orania CVO-skool (vervolg)


Van bladsy 20

Leneca Theron en Migael Murphy het na afloop van hierdie geleent- hede ook goue medaljes huis toe gebring.

Twee van ons spelers, Leneca Theron en Christiaan Theron, neem jaarliks deel aan Tennis Suid-Afrika se Noord-Kaap tennisproewe. Tydens hierdie proewe kompeteer spelers vir 'n plek in die Noord-Kaapspan wat dan gedurende die jaar aan interprovinsiale toernooie deelneem. Beide Leneca en

Christiaan het in 2025 en 2026 provinsiale kleure ontvang.

Leneca Theron het vanjaar ook die Interprovinsiale span gehaal en het in Januarie deelgeneem aan die grootste skoletennistoernooi in Suid-Afrika, waar die beste spelers uit elke provinsie meeding vir 'n plek in die Suid-Afrikaanse span. Orania CVO-skool sien met groot opgewondenheid uit na nog 'n jaar van groei en prestasie, veral nou dat die skool spog met vier pragtige nuwe tennisbane.



**CHRIS
STEYN**

Saterdag 5 September 2026
12:00 tot 22:00 | Nuwe Rugbyvelde

**ORANIA-GAAN
GROOT**

Atlete dra goud weg in top atletiekseisoen

Deur Jaco Kleynhans

Ons skool se voorbereiding vir die atletiekseisoen het al aan die einde van 2025 met intensiewe afrigting begin. In Januarie het die jaarlikse kleuresportbyeenkoms met meer as 600 atlete weer in Orania plaasgevind met ons skool en nog vyf kleiner skole wat saam deelgeneem het.

Vroeg in Februarie was dit die Noord-Kaapstreek van die BCVO se provinsiale byeenkoms wat jaarliks op die Vrystaat Atletiekstadion in Bloemfontein gehou word. 'n Groot getal van ons skool se atlete het as deel van die Noord-Kaapspan na die BCVO se prestige nasionale byeenkoms wat op 13 en 14 Maart in Sasolburg plaasgevind het, deurgedring.


Ons atlete het by dié byeenkoms met meer as 30 goue medaljes weggeloop en in agt items het ons atlete die BCVO se nasionale rekords verbeter. Behalwe vir die byeenkoms van CVO-skole het ons atlete ook weer vanjaar aan



talle ander prestige byeenkomste soos die Sentraal Top 20 byeenkoms wat op 13 Februarie in Bloemfontein plaasgevind het, deelgeneem. Ons atlete het orals waar hulle deelgeneem het Orania CVO-skool se naam hoog gehou.

Hier is die besonderhede oor die items waarvan die Noord-Kaapspan die rekords by die BCVO se nasionale atletiekbyeenkoms verbeter het:

	Geslag/ouderdom	Item	Tyd/afstand	ASA-punte
Melinke Murphy	o/11 Dogters	1200 m	04:18.80	786
Annemi Venter	o/15 Dogters	400 m	60.46	854
Stefan Duvenhage	o/12 Seuns	Verspring	5.03m	760
Nicholas Botha	o/13 Seuns	1500 m Finaal	04:57.06	641
Migael Murphy	o/16 Seuns	1500 m Finaal	04:20.27	812
Migael Murphy	o/16 Seuns	3000 m Finaal	09:38.97	820
Aflosspan	o/16 Seuns	4X100 m Aflos	47.38	658
Aflosspan	o/16 S+D	Gemengde Aflos	51.84	—



**BOK
VAN BLERK**

Saterdag 5 September 2026
12:00 tot 22:00 | Nuwe Rugbyvelde

**ORANIA-GAAN
GROOT**



RUGBY- EN NETBALSEISOEN SKOP AF

Ons skool se leerlinge is die afgelope paar weke reeds besig om vir die rugby- en netbalseisoen voor te berei. 'n Kookwater wintersportseisoen word vanjaar verwag met uiteindelik die hoogtepunt wanneer byna 1000 rugby- en netbalspelers van byna 30 CVO-skole regoor die land aan die einde van Junie aan die jaarlikse Winterspele, vanjaar vir die eerste keer in Orania, sal kom deelneem.

Uitstekende afrigters by die rugby en netbal werk reeds sedert Februarie met ons leerlinge om hulle vir die seisoen voor te berei. Spesiale oefendae word reeds vir die Noord-Kaapspanne georganiseer en 'n heerlike

pretnetbaldag is op 20 Maart by die skool aangebied. Ons o/19-rugbyspan sien ook uit na hulle jaarlikse voorbereidingstoer, vanjaar na Jeffreysbaai.

Die jaarlikse Winterspele moet op 'n skoolterrein met minstens drie rugbyvelde en ses netbalbane plaasvind. Die afgelope paar maande het ons die skool se ses bande teen 'n koste van byna R600 000 laat herseël en oorverf. Twee volgrootte rugbyvelde en 'n bulletjieveld is ook vir die rugby aangeplant, terwyl die skool se enigste klein rugbyveldtjie wat ons gehad het, vergroot is vir laerskool rugby. Dit beteken dat ons skool vanjaar die BCVO se Winterspele kan

aanbied. Spelers van sover as Louis Trichardt, Vivo en Tzaneen sal vanaf 25 Junie hier kom deelneem. Die Winterspele vind meestal in Groblersdal of Lichtenburg plaas omdat dit die twee CVO-skole in die land met die beste sportfasiliteite is. Dit was nog altyd 'n droom vir ons by Orania CVO-skool om self die Winterspele aan te bied en daar is jare lank fondse gewerf en beplanning gedoen om uiteindelik ons sportterrein te kon ontwikkel.

Ons sien uit na pragtige rugby- en netbal oor die volgende paar maande – en heelwat daarvan sal vanjaar op ons eie sportterrein gespeel word!



**ORANIA GAAN
GROOT**

Saterdag 5 September 2026
12:00 tot 22:00 | Nuwe Rugbyvelde



**STEVE
HOFMEYR**